

Die sewende trompet: Die sigbare verbondsark

Openbaring 11:15-19

2 Augustus 2020

1. Sewende trompet is die derde “wee”, is die finale einde van hierdie bedeling
 - a. Vgl Op 8:13 met Op 9:12 en Op 11:14
 - b. Op 10:7 – met sewende trompet bereik God Sy verborge bedoeling
 - c. Vgl sewende seël, sewende trompet en sewende bak (Op 8:5, 11:19, 16:8)
2. Hemelse stemmekoor (vers 15)
 - a. Wêreldkoninkryke behoort voortaan en vir ewig aan God – betrokkenheid van duiwelse magte word geëlimineer
 - b. “Hy sal as koning heers” – vgl 1 Kor 15:24-28
3. Aanbidding van 24 ouderlinge (verse 16-18)
 - a. Bevestig God heers voortaan “direk” as koning, sonder betrokkenheid van Sy vyande
 - b. “wat is en wat was” – Jesus het nou reeds gekom, geen verdere ontwikkeling in God se heerskappy nie (vgl Op 1:4,8 en 4:8)
 - c. God se oordeel oor nasies is regverdig (dus straf pas by oortreding):
 - Hulle het Jesus verwerp, nou verwerp God hulle
 - Hulle het God se getuies doodgemaak, nou maak God hulle dood
 - Hulle het God se aarde vernietig, nou vernietig God hulle
 - d. God gee loon aan gelowiges
 - Ontvangers van loon = dienaars (diensknegte, bond servants), profete (getuies), gelowiges (heiliges), die wat U Naam vrees (soos die 24 ouderlinge), klein en groot (al die geseëlde en al die wat gemeet is)
 - Loon is heerlikmaking (wat seëninge en verantwoordelikhede insluit)
4. Oop hemelse tempel en sigbare verbondsark

Tabernakel	Meublement	Simboliek
Voorhof	Brandofferaltaar Waskom	Regverdigmaking (Jesus se offer, gewas in Sy bloed)
Heilige	Tafel met toonbrode Kandelaar Wierookofferaltaar	Heiligmaking (Gevoed met brood, dra lig die wêreld is, aanbid God)
Allerheiligste	Verbondsark	Heerlikmaking

- a. Jesus is die nuwe lewende weg (Heb 10:19), en sedert Sy eerste koms wag Hy (Heb 10:11-13)
- b. Gelowiges werk as priesters in Heilige vir 1260 dae as getuies (word gevoed met die klein boekie, laat lig skyn, gee brood van die lewe, offer gebede)
- c. Gelowiges wat sterf – wag onder die wierookaltaar voor die voorhangsel
- d. Op ‘n dag het hulle (as ware kerk) klaar getuig (Op 11:7), en hulle word geroep: Kom op hierheen (Op 11:12), en dan
- e. Wag ‘n oop tempel met ‘n sigbare verbondsark! Dus in die Allerheiligste! Dus, hulle heerlikmaking! Dus rondom God se troon!